

MEDIA VRYLATING

VIR ONMIDDELLIKE VRYLATING

Ingedien deur:

Die Mike Campbell Foundation

29 Februarie 2024



### **“Lang rit na geregtigheid”**

**'n Reis van ongeveer 4 miljoen trappe wat uitroep na toegang tot geregtigheid vir Zimbabwe en SAOG burgers.**

Selfs vir 'n lewe lange avontuurder soos Zimbabwe se Ben Freeth (54), is 'n 800 km/ 500 myl reis wes oor Zimbabwe met 'n merkwaardige perd, dan wes langs deel van Namibië se lae bevolkte Kaprivi streek met 'n muil, en dan suid na Namibië se hoofstad, Windhoek (ongeveer 1,300 km / 800 myl pad langs) is nie te versmaai nie.

Ben is uitvoerende direkteur van die Mike Campbell Stigting, en die doel van sy uitdagende "Lang Rit vir Geregtigheid" is om bewustheid te skep van die sluiting van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se streekshof van geregtigheid, die SAOG Tribunaal wat in Windhoek geleë was, en 'n veldtog te voer vir die herinstelling van die hof.

Die SAOG Tribunaal was in 2011 onwettig gesluit deur die SAOG Staats Hoofde deur die invloed van Zimbabwe se vorige president Robert Mugabe, wie in 2010 geweier het om verskeie hof beslissings teen sy regering te implimenteer, veral die 2008 beslissing van Zimbabwe se chaotiese en gewelddadige grond konfiskering program.

Hierdie was die landmerk Campbell saak, "*Mike Campbell (Pvt) Ltd and Others v Republic of Zimbabwe*", waarby 77 ander onteieënde boere / kaart en transport eienaars aangesluit het.

Gedurende die saak toe Mugabe se regs span vir die soveelste keer uitstelling gevra het, het Regte Luis Mondlane van Mozambik gesê "Ons probeer 'n Huis van Geregtigheid in hierdie streek bou."

Aanvullend, in Desember 2010 het die Tribunal in 'n saak wat bekend staan as die Gondo saak, beveel dat die Zimbabwe regering US\$17 miljoen kompensasie moet uitbetaal aan nege slagoffers wat verskriklike beserings opgedoen het weens marteling deur lede van die weermag en polisie.

In 2011 is die Tribunaal Regters eensydig ontslaan en in Augustus 2013 het die jaarlikse SAOG Beraad beslis dat 'n nuwe protokool van die Tribunal onderhandel moet word, en sy mandaat moet beperk word tot slegs dispuut tussin ledestate.

Gevolglik is die 389 miljoen SAOG burgers toegang tot geregtigheid deur die streekshof van laaste opsie verbied wanneer geregtigheid in hulle eie lande se howe verkeerdelik misluk het.

Nietemin, ten spyte van sy pogings het Mugabe daarin misluk om die SAOG Protokol te verander. Dus behoort die SAOG Hof nog steeds beskikbaar te wees om ontëende Zimbabwe kaart en transport houers, sowel as die opposite party "Citizens Coalition for Change" en ander in Zimbabwe en die streek wie geregtigheid ontken is se sake te hoor.

"My hoof doel is om die bewustheid te herskep vir die noodsaaklikheid om die SAOG Tribunaal te hêropen en om in die openbaar 'n brief te lewer aan die SAOG Tribunaal se kantoor in Windhoek, sowel as vir die SAOG Sekretariaat" verduidelik Ben.

"'n Verdere moontlikheid is om 'n hof aansoek te doen om die SAOG Sekretariaat te dwing om SAOG Regters weer aan te stel.

"Langs die pad hoop ek om 'n nuwe golf van bondgenote ter ondersteuning van geregtigheid in die streek te vorm.

Ben het sy "Lang Rit vir Geregtigheid" op 28 November 2023 in Zimbabwe op Mount Carmel farm, oorlede Mike Campbell se plaas begin, wat nou verlate lê.

Dit is die 15de jaar herdenking van die Campbell's se SAOG Tribunaal uitspraak van 2008.

Mike Campbell was Ben se skoonpa. Hy het 'n gesofisikeerde uitvoer besigheid op die plaas opgebou met 40 000 mango en citrus bome. Ben en sy skoonpa het destyds saam die epiiese soeke na geregtigheid aangepak.

"Die roete regoor die land, sonder ondersteuning, vanaf Mount Carmel al die pad verby die Victoria Watervalle in noord wes Zimbabwe tot by die Kazungula grenspos, wat ons op 21 Desember 2023, 24 dae na ons vertrek bereik het, was baie vermoënd," vertel Ben.

"My perd Tsedeq - wat "Geregtigheid" in Hebreërs is - en ek het deur hitte van tot 40° C asook droogte en oor moeilike terrain beweeg. Tsedeq was ongelooflik en het alle uitdagings, selfs noue ontkomings in wilde gebiede sonder vrees aangevat.

Ek het elke dag vanaf 5 uur in die oggend Tsedeq gery of saam gestap, en ons het slegs teen sononder (na 7nm) kamp opgeslaan.

'n Baie hegte band het tussin ons ontstaan, en ons het mekaar opgepas.

Dit was 'n nederige ervaring om deur die afgeleë landelike gebiede te beweeg waar die plaaslike volk droogte en swaarkry ervaar. Almal was gewillig om my te help om water en weiding vir Tsedeq te kry, ten spyte daarvan dat hulle hulle skaars water spaarsaam moes gebruik."

Ben het op Vrydag 2 Februarie 2024 sy reis hervat in Namibië, ter ondersteuning van Suider-Afrika se burgers wat toelating tot geregtigheid ontken word.

Hy sal sy muil, wat hy Nikao genome het, wat "om te oorwin" in Bybelse Grieks beteken, is op pad wes van Ngoma Bruh grenspos langs Namibië se Kaprivi Streek.

Ben verwag om op die 18 Maart in Windhoek aan te kom.

EINDE

**To read the introduction and objectives of Ben's "Long Ride for Justice", click [HERE](#)**

**For further information:**

Ben Freeth, executive director  
Mike Campbell Foundation  
Whatsapp: +44 7539 070 122 – limited mobile phone signal in parts of Namibia  
Mobile: +263 773 929 138 (Zimbabwe)  
E-mail: [benfreeth7@gmail.com](mailto:benfreeth7@gmail.com)

OR:

E-mail: [press@pressmcf.com](mailto:press@pressmcf.com)

Ben Freeth is the executive director of the Mike Campbell Foundation and is based in Zimbabwe. The objective of the MCF is to restore human rights, justice, the rule of law and property rights for all in Zimbabwe.

**Note to editors:**

- Update blogs, photos and short video clips of Ben's journey will be released and uploaded on the Mike Campbell Foundation's website: [www.mikecampbellfoundation.com](http://www.mikecampbellfoundation.com)
- Ben could not complete the two legs of the trip consecutively because he had crucial meetings in the UK during January
- Ben hopes to write a book about the journey and the long ride for justice in the region.